

## Sien Jesus vir wie Hy is!

Die Hebreërs het begin twyfel oor wie Jesus was. Dis 'n eeue-oue aanslag van die duiwel om mense van hulle geloof en hoop te vervreem, om mense te laat gryp en vashou aan strooihalms wat van geen werklike waarde is nie.

Die opdrag in vers 1 om *noukeurig te let op Jesus*, bly steeds uiters belangrik. Ons moet Jesus bly raaksien vir wie Hy is! Maar weet ons nog wie Hy is? Hier word gesê Hy is “die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely”.

Die twee titels, “Apostel” en “Hoëpriester”, beskryf die volheid van sy taak as gehoorsame Seun van God. Hy het in die huis van God – die volk Israel – gedien. Hy is die getroue “Apostel” wat God volledig aan die wêreld verkondig. Hoe sou ons God se liefde kon ken? Hoe sou ons sy liefde kon beantwoord?

Jesus is ook Hoëpriester. Sonder 'n offer vir jou sondes is daar geen saligheid nie. God het die Hoëpriester gegee, Jesus, sy Seun. Hy was Offeraar en Offer tegelyk. Hy het Homself as offer gegee: Hy moes mens word; bitter lyding en vernedering deurmaak; Hy het gebede en tranes en uiteindelik Homself aan die vloekhout geoffer. Deur sy getroue offerwerk en volmaakte offer het Hy vir al ons sondes betaal.

Wie Jesus nie aanhou sien vir wie Hy is nie, het nie deel aan die huis van God nie. Hy is steeds in die woesteny van verlorenheid. Daar is in ons tyd juis soveel dinge wat Jesus se plek en rol in ons as huis van God probeer verdring; dinge wat by ons die gevoel wek dat ons Jesus nie nodig het in ons lewens nie: besittings, pret, plesier, eiewaan, ensovoorts.

Wanneer die ongelowiges Jesus wil afkraak, wanneer enigiets Jesus se plek en rol in ons lewens wil verdring, rig jou oë op Hom en hou vas aan jou belydenis. Sien Hom raak vir wie Hy is: *Die Seun van God, jou Apostel en jou Hoëpriester!* Weet waar jou krag vandaan kom! Weet jy het alle rede om Hom te eer en te verheerlik. Jy is immers kind van God!

Sing: Psalm 146:1, 2, 3 (1936)

Ds AB van der Walt (Lichtenburg)